# Gesels saam

GRAAD 1-3

## WELKOM

Speel "Word wakker". Laat al die kinders op die vloer lê. Verduidelik vir hulle dat julle nou 'n speletjie gaan speel oor 'n man wat dood was, maar wakker geword het. Sy naam was Lasarus. Hulle moet baie mooi luister, want hulle mag net wakker word wanneer daar gesê word: "Lasarus, word wakker!" Vir enige ander opdrag mag hulle nie beweeg nie; hulle moet aanhou slaap.

Roep dan 'n klomp bevele uit, byvoorbeeld:

- Lasarus, draf!
- Lasarus, krap jou kop!
- Lasarus, lig jou arm!
- Lasarus, kielie jou ken!
- Lasarus, word wakker!

## WONDER

Vertel die storie van Johannes 11:17-44 vir die kinders. Hier is 'n voorbeeld:

Jesus het 'n vriend gehad met die naam Lasarus. Lasarus het siek geword, en sy susters, Maria en Martha, het vir Jesus laat weet. Maar Jesus het nie dadelik na hulle toe gegaan nie – Hy het gewag, want Hy het geweet God het 'n plan.

Toe Jesus uiteindelik by Lasarus se huis aankom, was Lasarus al vier dae dood. Almal was baie hartseer en het gehuil. Jesus het ook saam met hulle gehuil, want Hy was baie lief vir hulle.

Jesus het na die graf toe gegaan en gesê: "Lasarus, kom uit!" Iets wonderliks het gebeur: Lasarus het sowaar lewend uit die graf gekom! So het Jesus gewys wie Hy is: Hy is die opstanding en die lewe.

In hierdie storie het Jesus vir almal by Lasarus se graf gewys dat Hy by hulle is en vir hulle lief is. Hy het ook vir hulle gewys hoe magtig Hy is.

## WEES

In die Bybelse tyd het die mense iemand wat doodgegaan het met lappe toegedraai. Ons gaan vandag 'n bietjie kyk hoe dit gelyk het deur mekaar speel-speel met toiletpapier toe te draai.

Verdeel die kinders in kleiner groepe. Gee vir elke groep 'n rol toiletpapier en laat hulle mekaar soos mummies toedraai.

In die Bybelse tyd het die mense iemand wat doodgegaan het met lappe toegedraai. Ons gaan vandag 'n bietjie kyk hoe dit gelyk het deur mekaar speel-speel met toiletpapier toe te draai.

Verdeel die kinders in kleiner groepe. Gee vir elke groep 'n rol toiletpapier en laat hulle mekaar soos mummies toedraai.

## WEGSTUUR

Sê as groep saam: "Dankie dat U lewe gee."

so as groep saam." Dankie dat u lewe gee.